PAROW PANORAMA

God roep ons › God stuur ons

# Quattro

## OKTOBER - DESEMBER 2020

021 930 3100

Rembrandtsingel 14,
Panorama,
Parow 7500

# Herinneringe oor hoekom ek glo

My naam is Anthon Duminy en ek het onlangs my 70ste verjaardag beleef. Ek woon nou (behalwe vir ’n tydperk van ongeveer 2 jaar wat ons in Windhoek was, al oor die 40 jaar in dieselfde huis, tans bekend as Uys Krigerylaan 99, Panorama, en is nog al die jare ’n lidmaat van NG Kerk Parow-Panorama.

Nadat ons in 1990 teruggekeer het vanaf Windhoek het ons egter ons kerkbywoning hoofsaaklik by Panorama Palms voortgesit, met die gevolg dat ons in die “groter gemeente” geleidelik onbekend geraak het. Daar is seker (tot my spyt) maar min lidmate – veral die jongeres – wat my ken en vir Lana geken het. Ek het egter die behoefte om dit wat hier volg, met bekendes (en ook onbekendes) te deel. Moontlik is daar iemand wat daarby sal baat vind – miskien by vernuwing, maar hopelik ook as nuwe inspirasie.

Hierdie dokument is aanvanklik opgestel in Mei 2020, gedurende die begin van vlak 4 van die grendeltydperk (en intussen aangevul), met die hoop dat iemand iewers dit sal lees, of hoor dat iemand dit voorlees en sodanig daardeur getref word dat hy/sy die pad na Jesus en die Ewige Lewe sal vind, of sal herontdek. In dié tydperk van afsondering en eensaamheid het ek besef hoe dikwels ek al geleenthede om die Blye Boodskap te versprei en om naasteliefde uit te leef, deur my vingers laat glip het.

Ek wil graag vir ander mense vertel van die goedheid, grootheid en genade van ons Hemelse Vader wat ek al in my lewe ondervind het. Ek kan nie al die spesifieke insidente onthou nie en elke dag loop oor van God se genade, maar daar is wel 'n paar gebeurtenisse wat – soort van – oor baie jare aan mekaar gekoppel is en wat vir my net elke keer teruggebring het tot die besef dat God **altyd** luister wanneer sy kinders na Hom kom in verootmoediging en gebed. Hy sê nie altyd ja nie – soms sê Hy nee, ander tye "nie nou nie", maar Hy antwoord wel.

Ek het met my studies maar lank geneem om my kwalifikasies te bereik. Kortliks, ek het 13 jaar lank studeer – meeste daarvan by wyse van korrespondensie deur Unisa terwyl ek voltyds gewerk het. Daarna, op ouderdom 37, wou ek graag my leerklerkskap as prokureur aanpak, maar ná 'n onderhoud het ek langs 'n ompad verneem dat ek "te oud" is, en nie sal kan aanpas by 'n situasie waar ek heelwat ouer sal wees as gekwalifiseerde prokureurs onder wie ek sou moes werk nie. Om die privaat sektor te betree was buite die kwessie aangesien ek toe reeds 'n gesin gehad het om te onderhou en leerklerke in daardie jare hier in ons land maar bitter min verdien het.

Op daardie stadium was ek 'n Staatsaanklaer en twee van my kollegas het kort na mekaar aanstellings by dieselfde regsfirma in Windhoek gekry om hul leerklerkskap te doen. Daar in Suidwes was die salarisse meer as dubbel as wat in die Kaap verdien kon word. Ek het hulle gevra om op die uitkyk te wees of daar miskien nog geleenthede opduik en ook op my knieë gegaan om te bid vir God se leiding en vir die geleentheid om 'n aanstelling te kry as dit sy wil is.

Lang storie kort: My kollegas het my laat weet dat daar vir my 'n pos in Windhoek by dieselfde firma was. Dié aanstelling het egter deur die mat geval nog voordat ek dit behoorlik kon oorweeg.

Op 'n aand in daardie tydperk van besinning oor my toekoms, toe ek my stiltetyd hou, het ek die Bybel geneem en dit oopgeslaan. My oog val toe op Deuteronomium 7 se opskrif: **"Die Here het jou lief, Hy is by jou"** en die begin van vers 1, **"Die Here jou God sal jou bring in die land waarheen jy op pad is ..."**

Kort daarna het ek 'n ander aanbieding gekry wat, soos dit later sou blyk, 'n veel beter opsie was as die eerste een op grond van die wye ondervinding wat ek by daardie firma sou opdoen. Ek was in my hart oortuig dat God vir my die pad oopgemaak het en het toe vir Lana en my skoonouers vertel van die aanbod, asook die Bybelteks. Hulle het my ondersteun en ek het die aanstelling aanvaar. Ek moes op 3 Januarie 1988 by my nuwe werk aanmeld!

Ek het op Nuwejaarsdag van 1988 na Windhoek vertrek, stoksielalleen die vreemde in, maar gewapen met my geloof en die wete dat my familie my ondersteun. Lana en ons dogter sou eers in Februarie by my kon aansluit. Sy het intussen ook werk gekry by die Staatshospitaal in Windhoek.

Nuwejaarsdag was 'n snikhete somersdag en die lang pad was maar warm! Ek was in ons Datsun 1200-bakkie, sonder lugversorging, op my sending na Suidwes en daar was nie enige omdraaikans nie.

Alles het goed verloop tot by Noordoewer. So in die ry begin die bakkie sluk-sluk en krag verloor. Ek trek af en die enjin sny uit! Omdat dit so warm was, het ek gereken die probleem is oorverhitting. Toe ek na 'n rukkie weer aanskakel, loop die enjin normaal. Ek trek weg, bult-op vanaf Noordoewer op pad na Keetmanshoop waar ek dié nag sou oorbly, maar kort voor lank begin die bakkie weer met sy streke. Die proses van stop-en-ry het hom met al korter tussenposes begin herhaal, te midde van 'n hittegolf en sonder 'n boom in sig vir bietjie koelte! Diegene wat daardie wêreld ken, sal weet hoe onherbergsaam die area is – dit lyk kompleet of daar met klippe geboer word.

Oplaas het die tyd aangebreek dat die bakkie se enjin nie weer wou vat nie. Daar staan ek toe met die enjinkap opgeslaan en waai vir motoriste wat verbykom. Ek waai om hulp, maar hulle reken ek is baie vriendelik en waai kliphard terug soos wat hulle verbyry!

Ek is nie ’n *mechanic* nie en weet bitter min van hoe enjins werk. So loer ek toe maar daar voor onder die *bonnet* rond om te kyk of ek nie iets sien wat ooglopend verkeerd lyk nie, maar daar is nie so iets nie. Al die pype lyk heel, die vonkproppe voel vas en dit ruik darem of die petrol deurkom. Ek het in elk geval nie juis gereedskap gehad nie, behalwe vir ’n skroewedraaier, ’n nr. 10 en 13 *spanner*, ’n tang en ook my sakmes.

Letterlik op moedverloor se vlakte, slaan ek my oë op en bid tot my Here dat Hy asseblief moet help en my tog nie hier in die onherbergsame vlakte sal los nie. My binneste sê toe net daar vir my – maak die *distributor cap* los, haal dit af, en kyk na die *condenser*. Daar is ’n swart draadjie – voel daaraan.

Ek het reeds die *distributor* oopgemaak en daar het niks verdags voorgekom nie, maar ek maak toe maar weer so en hoewel dit nie beskadig lyk aan die buitekant nie, voel die swart draadjie papper as wat ek gereken het dit behoort te wees. Ek sny toe baie versigtig die plastiek van die draadjie *in die lengte* oop sodat ek nie die binnekant beskadig nie. Tot my verbasing sien ek dat die draad binne-in die omhulsel morsaf is! Ek woel toe die twee los punte aan mekaar, maak alles toe en draai die sleutel ... die enjin vat onmiddellik en ek vat die pad noord so vinnig ek kan, terwyl ek in die ry vir God die dank en eer gee.

Ek het daardie aand veilig in Keetmanshoop aangeland, sonder enige verdere elektriese probleme met die bakkie of herstelwerk daaraan. Die volgende dag Windhoek toe was ook sonder voorval. Ons het met die bakkie in dieselfde toestand gery vir die volle twee jaar wat ons in Windhoek was!

Nadat ek my leerklerkskap suksesvol voltooi het, het ons oorweeg om terug te keer Kaap toe, onder andere omdat my skoonpa se gesondheid agteruitgegaan het. Weer het ons gevra vir leiding. Weer is ons gebede beantwoord! Ek het binne enkele dae 'n aanbod gekry as Landdros in Bellville. Daardie aanstelling het uiteindelik, met 'n paar ompaaie, daartoe gelei dat ek vir die laaste twintig jaar van my loopbaan as prokureur kon werk – nogal by die instelling waar ek voorheen weggewys is as synde "te oud"!

Vervolgens wil ek (weer) my en my kinders se ondervinding by Lana se sterfbed met ander deel:

My dierbare vrou is op 31 Januarie 2019 met ernstige gesondheidsprobleme in die Intensiewe sorgeenheid van die N1 Stad hospitaal opgeneem. Ons as gesin, asook 'n groot netwerk van familie en vriende, het voortdurend gebid vir haar herstel indien dit God se wil is. Sy het algaande beter geword, tot 15 Februarie., toe sy skielik 'n terugslag ondervind het. Die geneeshere het ons ingelig dat die kanker in haar lewer baie aggressief is en ondanks chemoterapie sedert Mei 2018, in die kort tydperk van hospitalisasie erg versprei het. Daar was niks meer wat hulle vir haar kon doen nie, behalwe om haar gemaklik en sonder pyn te hou. Hulle het ons is ingelig dat sy waarskynlik net enkele dae oor het.

Ons het God se antwoord op ons gebede, naamlik dat Lana se tyd hier op aarde bykans verby is, met groot hartseer aanvaar. Daar was gelukkig nog tyd om met haar te kommunikeer. Hoewel sy nie kon praat nie, kon sy nog haar oë oopmaak wanneer sy ons hoor en hoewel sy baie moeg was, kon sy met haar oë en kopbewegings met ons "gesels".

Op 18 Februarie het die situasie drasties verander. Dit was duidelik dat die einde nie meer ver kon wees nie. Ek, my kinders, my skoonseun en Lana se suster was almal om die bed vergader. Lana se vitale tekens het al swakker geword, maar die monitor was agter my rug en ek kon dit dus nie voortdurend dophou nie.

Hoewel Lana op daardie stadium in 'n diep slaap was, het ons haar en mekaar se hande vasgehou en ek het my hand op haar voorkop gelê. Ek het 'n gewaarwording gekry dat ons moet deel hê aan hierdie intense proses en my familie gevra of ek nie maar die Liewe Vader moet vra om haar te kom haal nie. Almal het hul koppe geknik.

Ek het vooroor gebuk met my voorkop teenaan haar wang en gebid: "Liewe Vader neem tog asseblief haar siel na U toe." Op daardie PRESIESE MOMENT toe die woorde uit my hart geskeur het, het die alarm van die monitor afgegaan en toe ek omkyk, was die "hart-lyn" net 'n plat streep!! (Daar sal seker skeptici wees wat meen dat Lana se hart IN ELK GEVAL op pad was om tot stilstand te kom, maar die tydsberekening was in God se hande, nie myne nie.)

Ek is oortuig daarvan dat God langs ons by die bed gestaan het tydens hierdie sterfproses en toe ons "laat gaan" het, het God onmiddellik oorgeneem en was haar siel veilig in sy arms.

Kan iemand wat so 'n ervaring beleef het, ooit twyfel aan die bestaan, die almag en die genade van die God wat ons dien? As ek ooit getwyfel het, is daar by my geen twyfel meer nie. Ek nooi jou uit om op grond van my getuienis ook onwrikbaar te bly (of te begin) glo.

Meer onlangs – tydens (en as gevolg van) die Covid-19 inperking – het my seun op 13 Mei 2020 die onwelkome nuus van sy werkgewer gekry dat hy (en 'n hele paar kollegas) tydelik afgelê word. Dit het 'n nuwe uitdaging gebring – skielik sit hy sonder inkomste, maar steeds met dieselfde uitgawes/verpligtinge en sonder noemenswaardige fondse om hom deur te sien. Niemand weet vir hoe lank nie en of dit miskien permanente aflegging gaan word. Ek het daardie aand tydens my stiltetyd voor God gekniel en gevra vir leiding.

Op 15 Mei ontvang ek uit die bloute 'n e-pos vanaf die eksekuteur van my swaer se boedel (hy is al in 2011 oorlede, maar sy boedel was ná 9 jaar nog steeds nie afgehandel nie weens 'n hofsaak wat nog gesloer het), dat daar aansienlike surplusfondse in die boedelrekening is en dat dit nou uitbetaal gaan word!

Op 21 Mei kry ek toe die verdere nuus dat die hofsaak wat alles vertraag, geskik is en dat die skikkingsbedrag teen einde Mei aan die boedel oorbetaal sal word. Daarna kon die boedel ook einde ten laaste afgehandel word. Voorwaar 'n bestiering en gebede wat verhoor is, want nou was daar weer lig aan die einde van die tonnel – en dit is *nie* die lig van die trein wat van voor af in aantog is nie!

Gedurende Augustus 2020, kort ná my jongste kleinseun Daniël se tweede verjaardag, kry ek 'n telefoonoproep van my dogter Jeanne. Hulle woon in Kathu in die Noord-Kaap. Aan haar stemtoon kon ek dadelik agterkom daar is fout en ek vra haar wat aangaan. Sy sê toe Daniël het op 'n klimraam gespeel, afgeval en op sy kop beland. X-strale by die hospitaal het gewys daar is skedelbreuk met induiking en bloeding. Jeanne was op daardie stadium baie kalm – ek glo dat God haar daardie kalmte gegee het, want sy moes eenvoudig net die situasie hanteer! Hulle het gelukkig redelik gou 'n ambulans kon kry en was op pad na Bloemfontein – honderde kilometer ver! Jeanne het by Daniël agterin die ambulans gery en Jeremia (my skoonseun) is agterna met hulle voertuig nadat hy eers die ander twee kinders by vriende kon aflaai – dit sou later blyk dat hulle vir vyf dae by dié vriendin van die familie sou moes bly terwyl Daniël – wat intussen geopereer is om die bloeding te stop en te dreineer en om die skedeltjie te herstel – genoegsaam herstel om ontslaan te word. Ons het onmiddellik oorgegaan tot gebed en aangehou bid. Ek het ook vir almal wat ek aan kon dink (ons gemeente, Angus Buchan, my vriende en groepe) op WhatsApp gevra om saam te bid vir God se ingryping. Daniël het intussen volkome herstel en ons dank God elke dag vir sy genesing. Wees verseker – hierdie opsomming is maar 'n baie kort weergawe van 'n baie lang 5 dae en nagte!

Net kortliks ’n bietjie agtergrond: Jeanne se swangerskap met Daniël was ’n moeilike een en sy moes vir die laaste drie maande by ons kom bly sodat sy naby die hospitaal kon wees. Die knapie is toe by wyse van keisersnee op sy ouma Lana se verjaardag gebore, 6 Augustus 2018. ’n Dag ná sy geboorte het die pediater ons ingelig dat hy ’n defek in die hartjie bespeur. Om ’n lang storie kort te maak – hy is op die ouderdom van sowat 8 weke geopereer om die defek te herstel en het wonderbaarlik reggekom, net so wonderbaarlik soos met sy skedelbreuk-episode. Hy word gereeld gemonitor, maar is salig onbewus van enige probleme. Hy speel oral kliphard saam met sy ouboet André (7) en sussie Janah (5).

God werk op wonderlike maniere. Ek wil getuig dat ons Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, die enigste God is. Hy is almagtig, alwetend, genadig, lankmoedig, vol liefde en seën ons so oorvloedig. Wat ’n voorreg om sy kind te wees. Maar dié voorreg bring ook verpligtinge mee – ons moet die Blye Boodskap uitdra deur woorde en goeie dade, nie net aan ons naaste nie, maar selfs ook aan ons vyande – nie om daardeur iets te verdien nie, maar uit dankbaarheid vir seëninge wat ons so mildadig en onverdiend ontvang. Ons is immers gered deur Jesus se bloed aan die kruis, sy opstanding uit die dood en ons geloof in God drie-enig.

Ek wil u uitnooi om ook werklik en opreg te glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees en in God se almag, sy alomteenwoordigheid, sy goedertierenheid en sy onbegryplike groot genade vir sy kinders.

Mag die genade van ons Here, Jesus Christus, die liefde van God die Almagtige Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees wat in ons woon, met elkeen van ons wees en bly en mag ons die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, in ons lewens ervaar.

Anthon Duminy
Uys Krigerylaan 99
Panorama
082 825 0515
15 November 2020

# ‘n Glimlag van God

Gedurende die grendeltydperk, veral aan die begin tydens Aprilmaand, het ons as vriende en familie, meer as gewoonlik per boodskap en per telefoonoproep bymekaar ingeloer – juis om te hoor hoe dit met mekaar gaan.

Tussen ‘n groep van ongeveer 20 geliefdes was daar net 2 mense wat weens die aard van hul beroep hul volle salaris gedurende die grendeltydperk verdien het. Ons gesprekke was dus meeste van die tyd oorweldig deur emosies van angs, bekommernis, onsekerhede en soms ook ‘n mate van neerslagtigheid.

Nadat die grendeltydperk verder as die einde van April verleng is, het ons besef dat die aard en toon van hierdie boodskappe en oproepe na mekaar nie ligter raak nie. Ons almal het steeds ‘n diep mate van angs, bekommernis en onsekerheid, ervaar.

Een dag sit ek en Corné in dankbaarheid en gesels oor alles wat ons wel het, terwyl ons nie verby ons eie bekommernisse kan kyk nie.

Ons neem toe net daar ‘n besluit: Kom ons vertel vir niemand verder van ons uitdagings, bekommernisse en onsekerhede voordat ons nog nie met God daaroor gepraat het nie. En sodra ons met God daaroor gepraat het, vertel ons vir niemand verder van ons uitdagings, bekommernisse en onsekerhede nie. Gevolglik het daardie driehoek tussen my, Corné en God vinnig gekrimp en die kommunikasiekanale tussen ons het baie korter geword. Daagliks lewe ons nou met soveel gemoedsrus in totale afhanklikheid van God.

Ons raak nou elke aand sommer lekker vinnig aan die slaap, want ons lysie is reeds by God. En elke oggend raas die voëltjies ons wakker wanneer ons opstaan en uitsien na hoe God vir ons vir daardie dag gaan voorsien.

En hoe kan ek vergeet wat in Rick Warren se boek Purpose Driven Life staan? “God glimlag breed wanneer jy hom vertrou.”

Herman Geldenhuys

# In die arms van God se engele

Verlede jaar tydens ons Kersvakansie in Mosselbaai was ek 27 weke swanger met ons derde baba. Na potjiekos en geskenke oopmaak op Oukersaand het ek met die uitklimslag uit die karavaan gegly op ‘n voetstoeltjie wat by die deur gestaan het. Een oomblik staan ek in die deur en die volgende oomblik lê ek op die grond en kyk vir die karavaan se deur. Al wat ek onthou, was dat ek my voet op ’n manier langs my been gesien het, wat my dadelik laat besef het iets is nie pluis nie. Daar het ‘n Goddelike kalmte oor my gekom. Ek het agtertoe gelê en geweet alles gaan “ok” wees. Johann het omtrent onmiddelik die been in sy hande gehou en familie en vriende het ingespring om hom te help om druk op die wond te sit, die been te spalk, na ons dogtertjies om te sien, my in die kar te laai en hospitaal toe te neem. In die paar kilometer op pad hospitaal toe het ek gevoel die baba beweeg.

Die personeel by Bayview Hospitaal was fantasties – pynmedikasie, X-trale en later ook ‘n CT-scan van my enkel onder al daardie jassies wat die radiogolwe keer. Die ortopeed was verstom – tibia en fibia beide in twee plekke gebreek en ‘n gebreekte enkel. Ek het om 08:00 op Kersdag ‘n operasie gehad en het nou ‘n pen binne-in die been van knie tot enkel en 8 skroewe. Ons het ons vriende en familie gevra om te bid vir my herstel en vir die baba. Na die operasie het die ortopeed vertel dat hy Oukersaand na die ondersoek nie geweet het wat hy die oggend tydens die operasie moes doen nie. Hy het gaan slaap en toe hy die oggend wakker word, het hy onmiddellik die plan in sy geestesoog gehad en presies geweet wat hy moes doen. Alles het presies so uitgewerk in die operasie. Behalwe vir littekens sal jy vandag nie raai dat my been ooit gebreek was nie.

Almal wou weet hoe dit gebeur het. Ek het in die arms van die engele geval – ek het nie enige merk of enige seer gehad op my rug of boud nie. Ek het sag te lande gekom en in die proses my been waarop my gewig was afge-“twist”. Ek het deurentyd geweet God is in beheer. Ek het die baba toegebid dat Jesus se bloed ‘n laag van beskerming rondom haar vorm sodat geen van die adrenalien en medikasie in my bloed, geen radioaktiwiteit of enige iets anders haar skade sou berokken nie. Ek het geweet Hy is getrou – deur elke stap van die proses en herstel het ek bly vertrou.

Op 15 Maart is die pragtige Ester gebore. Perfek, ‘n dogter van die Koning wat deur Hom toegerus is vir ’n tyd soos hierdie. Sy het ‘n doel in die Koninkryk en geen bose planne teen haar sal kan stand hou nie. Ester 4:14 “Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!”

# Ons wense vir die mense wat ons liefhet

# Kerkraad van 2020

Kersfees is vir my een van die wonderlikste tye van die jaar. Nie net is dit ’n tyd wanneer familie en vriende weer bymekaar kom nie, nie net ’n tyd van rus en ontspan nie, maar dit is veral ’n tyd van hoop en liefde. Ek word herinner aan Jesaja 9:5 wat sê: “Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee. Hy sal die heerser wees met die koninklike titels: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.”

Mag hierdie Kersfees vir jou en almal rondom jou ’n tyd wees waar julle vir Christus sal ervaar op al hierdie maniere. Mag dit vir julle ’n geseënde tyd wees waar ons die koms van ons Verlosser herdenk, en mag die Here julle vul met sy liefde en omgee. My gebed is dat julle 2021 sal ingaan met nuwe krag, energie, en bo alles, Hoop!

Groete

Stefan Fourie



2020 was voorwaar 'n jaar met vele uitdagings. Ons het begin met geesdrif en baie hoë verwagtinge van hierdie 2020 jaar, wat sinspeel op 2020 visie en hoe hierdie jaar beter gaan wees as die vorige. As ons maar net geweet het wat voorlê, het ons miskien bietjie anders gedink. Die wiel draai soos hulle sê en daar is 'n atmosfeer so amper tasbaar in die lug, so asof mens dit kan ruik (soos wanneer dit net klaar gereën het). Dinge is besig om te gebeur en ons moet dit oorgee in God se hande. Desember laat my glimlag en my hart bietjie vinniger klop, dit maak my opgewonde om te dink aan die seisoen van liefde en omgee (en Kersfeesliedjies). Dit laat my uitsien na nuwe moontlikhede, uitsien na nuwe uitdagings, uitsien na wat beplan word om dinge beter en anders te doen. 'n Seisoen vol van wat KAN wees. Dit is asof mense die liefde wat hulle so onderdruk het deur die jaar, bietjie loslaat in die tyd. Ek sien uit na die uitdagings wat voorlê.

Ek wil vir almal 'n mooi seisoen toewens en sterkte met die beplanning. Wees opgewonde en laat die liefde en genade van God julle so vol maak dat dit oorborrel na almal wat julle sien.

Kerfeesliefde

*Louise Stevens*



Liewe Panorama-gemeente

Ons as familie wens  liefde, hoop en 'n geseënde geloofservaring vir hierdie Kerstyd toe. Mag dit 'n belewenis van vreugde, passie en dankbaarheid vir genade wees. Wat ook al ons omstandighede, die boodskap van Kersfees is dat God met ons is, dat sy teenwoordigheid in die Kerstyd nuwe betekenis aan ons lewens sal openbaar.

Dr. Owen se woorde:

Sy beskemming was die kruis
Sy doel was liefde
Sy rede was jy

Mag hierdie Christusfees saam met familie en hartsmense gevul wees met oneidige liefde en seën. Mag God se hand ons bewaar in 2021 en Sy wysheid ons lei.

Seëngroete

*Dalene & Pieter Celliers*



Waarskynlik een van die vreemdste jare van alle tye en wat verseker nie een van ons onaangeraak gelaat het nie, behoort byna tot die verlede … MAAR tussen nou en 2021 is daar eers die wonder van Kersfees.

Hierdie wonder spreek van ‘n Heilige God wat sy liefde aan die mensdom op ’n sigbare manier kom verklaar het.

Dit gaan egter oor baie meer as net ’n Baba in ’n krip … dit gaan oor God se genade, sy Seun wat verneder moes word en ly vir ons sondes deur uiteindelik aan die kruis te sterf ter versoening van ons sondes.

Meer nog, dat Hy die dood oorwin en opgevaar het na die hemel sodat ons ook deel kan hê aan die ewige lewe.

Kersfees gaan oor Jesus wat tydens sy hemelvaart belowe het dat Hy tot die voleinding van die wêreld by ons sal wees. Ongelukkig word baie van ons in die Kersgety so verblind deur die “wonders”  in winkelvensters dat die werklike wonder baie keer by ons verbygaan. Kom ons wees vanjaar minder kooplustig en fokus minder op duur fisiese geskenke, maar gee in eenvoud liewer meer aan dié wat soveel minder as ons het. God wil ons steeds, ook hierdie Kersfees, seën sodat ons dit weer aan ander mense kan oordra. Ons staan op die vooraand van 2021, ’n onbekende jaar vol nuwe uitdagings en geleenthede. Niemand van ons weet wat die toekoms inhou nie. Vir sommige kan dit ongekende vreugde en sukses wees, vir ander dalk droefheid en mislukking. Baie sal in die nuwe jaar nuwe lewetjies verwelkom, ander sal met groot hartseer geliefdes aan die dood moet afstaan. **Ons weet eenvoudig nie wat op ons wag nie!** Van een ding kan ons egter seker wees en dit is dat God altyd met ons is. Weet Hy is God, Hy beskerm ons en sal ons nooit verlaat nie.

Psalm 121: 5, 7-8
“Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare.
Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook mag gaan,
nou en vir ALTYD.”

Wie dit glo en so leef, sal altyd vergenoeg wees!

**Geseënde Kersfees en ‘n voorspoedige 2021**



Herman Engelbrecht

Liewe Gemeentelid

Dit is my gebed en innige wens dat jou Kersseisoen baie spesiaal sal wees. Mag jy Jesus Christus, Wie se geboorte ons dan vier, werklik ken en sy teenwoordigheid elke oomblik deur middel van die Heilige Gees in jou lewe ervaar.

2020 was 'n vreemde, maar interessante jaar waarin ek glo daar diep gedink is. Dit is my hartewens dat 2021 'n jubeljaar vir ons gemeente sal wees waarin ons sal terugkyk en sal raaksien hoe God ons gedra het. Mag ons oë nog meer as ooit tevore op God gerig wees, die Heilige Gees in elkeen se hart uitgestort wees en 2021 tot seën in jou persoonlike en in ons gemeente se bestaan wees! Alle eer en lof aan ons Vader vir die viering van nog 'n Kersseisoen en Nuwejaar!

Groete

Mari Watson



En so is 2020 ook weer amper verby, hoe ongelooflik dit ook al mag klink. Vir sommige van ons was dit voorwaar 'n uitdagende jaar, vol onsekerheid en nuwe dinge om aan gewoond te raak. 'n Jaar waarin ons planne moes maak om dinge anders te doen, nuwe fokuspunte moes identifiseer en by dit alles steeds positief bly. Dit was ook 'n jaar vol nuwe geleenthede wat ons gedwing het om uit ons gemaksone te kruip en as ek nou terugkyk, besef ek dat dit ook 'n jaar vol Geloof, Hoop en Liefde was.

Want:

> Geloof maak die onmoontlike, moontlik.
> Hoop laat alles ten goede meewerk.
> Liefde verander die alledaagse in iets buitengewoons mooi.

Mag jy hierdie Kerstyd weer bewus word van die grootse geskenk wat ons ooit sal ontvang – die geskenk van God se Seun, Jesus Christus wat vir ons almal verlossing gebring het. Mag julle feesgety gevul wees met geloof, hoop, liefde, lag en saamwees.

En mag elke dag van 2021 vir julle vreugde en voorspoed bring!

*Ian Engelbrecht*



Kersfees in die somer

Die liedjie van Koos du Plessis, Somerkersfees, draai in my kop. Soveel so dat ek weer na die lirieke gaan kyk het.

Hy verwelkom die geluidlose nag van vrede. ’n Nag onder die skitterlig van die Suiderkruis. En hy hoor die weerklank van stemme uit die verre verlede. Dalk dié van die herders en die engele? Hy weet: Kersfees is op pad. En hy eer God met die gebed dat Kersfees in die somer helder en geseënd sal wees.

Die beierende klokke verbreek die stilte van die nag. Hulle helder klanke verwoord die eeue-oue Kersboodskap.

Kersfees 2020 is op pad. Mag dit vir jou vrede bring. En mag jy sy warm liefde ervaar wanneer jy alleen of saam met jou geliefdes die Kersgebeure herdenk. Omhels opnuut ons grootste Kersgeskenk – God se Seun, Jesus Christus – met vreugde en dankbaarheid.

Geseënde Kersfees!

Andrie Kilian



Ons staan aan die einde van ‘n radikaal vreemde jaar! Die 45ste bestaansjaar van ons gemeente. En dis ironies om te dink dat ons juis aan die begin van 2020 besluit het om die tema van Radikale Christenskap in ons gemeente en gemeenskap uit te leef. Ons wou anders wees! Uit ons gemaksone beweeg en ‘n verskil maak!

Die jaar het goed afgeskop en ons het uitgesien na verskeie projekte soos ons elke jaar gewoond is. Alhoewel die kermis nie die inkomste gegenereer het wat ons gehoop het nie kon ons ‘n paar nuwe mense van ons gemeenskap by ons kermis verwelkom. Covid-19 en die inperking het kort hierna al ons mooi beplanning van die tafel kom vee. Dit het ons gedwing om radikaal anders te dink en aanpassings te maak. Dit het ook vir ons verskeie geleenthede gebied om ander in nood met kos, klere en finansies by te staan. Ons het groot skenkings van vrygewiges ontvang en alles is uitgedeel. Tydens die inperking het ons met aanlyn oordenkings, Bybelskool, kinderpinkster, KFJ en eredienste begin en op dié manier mense bereik wat nie andersins moontlik sou wees nie. Van ons personeel moes noodgedwonge van die huis af werk en ons kon dit moontlik maak. Die webtuiste is herskep en ons kon met groter groepe op WhatsApp kommunikeer. TEAMS, Zoom en Skype is nou deel van ons woordeskat en leefwyse.

Ons het gehoor gegee aan die regering se regulasies en ontsmettingsmiddel, maskers en sosiale afstand is nou vir ons “normaal”. Die verligting was groot toe ons weer eens kon begin om op die tradisionele manier “kerk” te wees. Ons het egter gou besef dat dinge nie so maklik en vining weer sal wees soos dit was nie. Alhoewel meeste mense die saamwees by die kerk baie mis, is die vrees vir die virus ‘n werklikheid. Die bywoning van die eredienste is skraps en daarom het ons die vereiste om vooraf te registreer gestaak.

Daar het egter redelik baie by die kerkkompleks gebeur sedert ons kon terugkeer kerk toe. Ons die hekke geverf, die kerk en pastorie se dak herstel, ‘n muurtjie gepleister, dreine oopgemaak, manstoilette se stukkende teëls vervang, die lekplek in die damestoilette se wasbakke reggemaak, asook die moederskamer en bybelskoolklassies geverf. Ons eie kameratoerusting is ook nou in werking en ons het planne om die liturgiese ruimte te verbeter.

Alhoewel daar baie positiewe dinge is om voor dankbaar te wees, is dit onmoontlik om die seer wat die inperking gebring het mis te kyk. Gemeentelede is gekonfronteer met hartseer wat meer intens was omdat hul nie op die normale wyse hul geliefdes wat ver, siek of gehospitaliseer is, kon bystaan of behoorlik afskeid neem van dié wat aan die dood afgestaan is nie. Vele se finansies is ernstig geraak deur werkloosheid, werksvermindering en afleggings. Baie mense moes hul emosionele spaarbussies leegmaak om te kon oorleef.

Asof al hierdie Covid-uitdagings van die jaar nie genoeg is nie, kry ons die nuus dat ons leraar ernstige huweliksprobleme ondervind en met ‘n egskeidingsproses begin het. Die kerkorderlike prosesse skop daarna in en ‘n formele ondersoek volg. Hierdie proses is geheel en al buite die beheer van die Kerkraad en gemeente en ons is geskok om te verneem dat die uiteinde van die ondersoek is dat hy van sy amp onthef is.

Ongeloof, woede, hartseeer, en vele ander emosies asook baie vrae is nou oral sigbaar en hoorbaar en dit waarteen die Kerkraad die hele jaar waak, is nou daar – ons is op iets negatief gefokus!

Terwyl ek en Louise Stevens 2021 se almanak bespreek en wonder wat ons tema vir volgende jaar moontlik kan wees, is ek nuuskierig om te sien wat die internet oor die syfer 21 sal gee. En Openbaring 21 is die eerste wat opkom:

Die nuwe hemel en die nuwe aarde

1 Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie.

2 En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

3 Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.

4 Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.”

5 Toe sê Hy wat op die troon sit: “Kyk, Ek maak alles nuut.”
Dankie Here, dat U ons weer herinner waaroor dit eintlik gaan. Dit gaan nie oor die hier en nou nie. Dit gaan nie oor wie reg en verkeerd is nie. Ons fokus moet op die toekoms wees. Ons moet uitsien na die tyd wanneer ons vir altyd by U gaan wees en daar geen meer ongelukkigheid sal wees nie.

Die wêreld waarin ons nou leef is gebroke. Mense is feilbaar en dis so maklik om ander te blameer en te beoordeel/veroordeel. Is dit nie juis wat ons doen as ons so negatief reageer agv ‘n uitspraak wat ons nie pas nie? Ons was bereid om ‘n pad van vergifnis en aanvaarding met ons leraar te stap. Is hierdie pad nie nou een wat ons in ons harte met diegene moet stap vir wie ons nou kwaad is nie? Is dit nie juis ons manier om ‘n radikale Christen te wees nie? Om ons uit ons gemaksone te haal nie? Ons is immers reeds vergewe en ons losprys is reeds betaal.

En dis waarna ons uitsien en wat ons met Kersfees vier. Ons God het mens geword, gesterf en opgestaan uit die dood sodat ons die versekering kan hê dat ons hierdie nuwe hemel en die nuwe aarde sal sien, beleef en geniet! Ons moet hierdie boodskap gaan uitleef en oordra aan elke liewe persoon wat ons pad kruis – dit is radikale Christenskap!

Mag elkeen ‘n feestelike en geseënde Kersfees geniet, vol blydskap, liefde, geloof en veral hoop! Christus, ons Redder is ‘n werklikheid. Loof sy Heilige Naam!

En mag ons in 2021 God se plan vir ons gemeente sien, beleef en glo.

Thea Diedericks





Kotze van Wyk



Seyffert Fourie



Johan Fourie